basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

MODEL 2014

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A: Leesbegrip	(30)
AFDELING B: Opsomming	(10)
AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies	(30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS 1: ARTIKEL

Lees jy: P of E?

In 'n toutrekkery oor boeke van papier of hul digitale weergawes verloop die spel, wel, virtueel gelykop, meen ***Maritha Snyman****.*

1 Verskillende menings bestaan oor die invloed wat tegnologie tans op die boekbedryf het en in die toekoms sal hê. Daar word reeds erken dat die sakemodel van uitgewers by dié nuwe paradigma moet aanpas.

2 Onsekerheid oor die voortbestaan van biblioteke bestaan onder meer.

3 In akademiese joernale verskyn 'n toenemende aantal gevallestudies oor die positiewe gebruik van e-leermateriaal en die waarde van tegnologie in die klaskamer. Selfs in Suid-Afrika gebruik sommige skole al tablette in plaas van handboeke.

4 Daarenteen glo sommiges weer dat e-boeke en e-lees 'n foefie is wat sal oorwaai en dat die boek, soos ons hom ken, altyd sal bly voortbestaan.

5 Uiteenlopende menings bestaan oor hoe elektroniese en digitale boeke en speletjies die boekbedryf, die leeskultuur, die leser en die leesproses gaan beïnvloed. Duidelike antwoorde is nog nie geredelik beskikbaar nie.

6 Wat egter nie te betwyfel is nie, is dat die tegnologie reeds die verhouding tussen leser, skrywer, uitgewer en boek onherroeplik verander het. Ook die aard en formaat van tradisionele, verhalende tekste word beïnvloed deur wat op elektroniese en digitale gebied gebeur.

7 Lesers, beïnvloed deur die interaktiewe aard van die Internet en digitale formate, wil al hoe meer betrokke wees by die gedrukte boek. Dit geld veral jonger lesers wat gewoond is aan die interaktiewe en veelvlakkige aard van elektroniese en digitale speletjies.

8 Die lesers is nie altyd meer nét met 'n gedrukte boek tevrede nie.

9 Uitgewers word dus verplig om allerlei planne te bedink om tegnologie na die boek te bring ten einde die gedrukte teks vir lesers aantreklik te maak. So 'n voorbeeld in Afrikaans is Carina Diederiks-Hugo se *Thomas@Rockster.net* uit die Lapa-stal. Dié gedrukte tienerverhaal word aangevul met 'n video, 'n videospeletjie en 'n spesiale Mxit-kanaal vir Thomas en sy vriende.

10 Tegnologie en die gedrukte media word geïntegreer om op die veranderde wêreld van die leser in te speel. Tydens hierdie doelbewuste integrasie tussen gedrukte en elektroniese tekste besluit die leser self of hulle die elektroniese teks wil aktiveer.

11 Dit sluit aan by, of lei tot die behoefte van die leser om op meer vlakke by die teks betrokke te wees. Lesers wil nie meer net die passiewe ontvanger van stories bly nie. Dit blyk uit skrywers se toenemende aktiwiteite op "blogs" en op hul eie Facebook-werwe.

12 Die teenwoordigheid van skrywers op die Internet raak al hoe meer ononderhandelbaar – vir die bemarking van hul boeke én om die behoeftes én menings van hul lesers te peil. Die tradisionele skanse wat om die boek as losstaande entiteit bestaan het en wat as sodanig beoordeel en geniet is, is aan die verdwyn. Kennis van en gesprekke met skrywers word 'n groeiende moontlikheid vanweë die sosiale media en is daarom al hoe gewilder.

13 Ook die uitgewer se tradisionele rol as buffer tussen skrywer en leser verander. Miljoene e-boeke word tans deur skrywers self op aanlynboekwinkels soos Amazon gepubliseer. Op grond hiervan redeneer sommige mense dat uitgewers se rol uitgedien is. Maar op dieselfde grondslag word 'n saak uitgemaak ten gunste van die uitgewer se rol as instelling wat waarde tot die publikasieproses voeg.

14 Uitgewers verseker gehalte. Lesers vertrou eerder boeke wat deur uitgewers goedgekeur is as die miljoene selfgepubliseerde boeke waarvan soms nie eers één verkoop nie.

15 Ook die struktuur van verhale word deur die aard van die Internet beïnvloed. Die Radloff-susters se verwikkelde roman, *Een stad, drie rooikoppe, sewe dae,* toets nie net die buigsaamheid van bekende genres nie. Die struktuur van dié roman is ook vernuwend en volg tegnieke wat algemeen in Internet-tekste voorkom. Inligting oor karakters of gebeure word nie deur die getoetste tegnieke van terugflitse, herinneringe, dialoog en so meer oorgedra nie. Dit word aangebied in die vorm van "hipertekste" soos wat dit op die Internet verskyn. Soos die blou onderstreepte skakels na ander bladsye op Internet-tekste die leser nooi om meer oor 'n bepaalde onderwerp te lees, word die chronologiese verhaal lukraak onderbreek indien bepaalde agtergrondkennis nodig is. Die gedeeltes verryk die chronologiese verhaal, maar is nie noodsaaklik om die verhaal te volg nie.

16 Die broksgewyse lees op die Internet staan regstreeks teenoor die lees van 'n verhaal of teks as 'n samehangende eenheid. Daarom het die meeste lesers nie meer aptyt vir lang stukke teks nie. Kyk maar na die brokkies inligting waarmee die meeste tydskrifte hul blaaie vul.

17 Hoe boeke in die toekoms daar sal uitsien, is onderwerpe vir baie debatte, gesprekke en navorsing. Maar dat dit aan die verander is, is nie te betwyfel nie.

18 Dié verskuiwings van ou sekerhede bring onsekerheid, ongemak en selfs vrees, maar is ook eindeloos boeiend en verfrissend.

[Uit: *Rapport,* 6 April 2013]

1.1 Hoe word jy, as leser, dadelik by die leesstuk betrek? (1)

1.2 Herlees die subopskrif van die teks.

Sê in jou eie woorde wat die skryfster hiermee bedoel. (2)

1.3 Waarna verwys “dié nuwe paradigma” in paragraaf 1? (1)

1.4 Watter gevare hou die digitale era vir biblioteke in? (3)

1.5 In die onderwys is daar botsende menings oor die gebruik van boeke. Verduidelik kortliks. (2)

1.6 Identifiseer TWEE woorde in paragraaf 5 wat die laaste sin van dié paragraaf ondersteun. (1)

1.7 Hoe het die digitale era die verhouding tussen leser en boek verander? (2)

1.8 Waarmee moet die gedrukte boek daagliks meeding? (1)

1.9 Hoe weet jy dat Lapa-uitgewers proaktief was in die aantreklik maak van die gedrukte teks? (2)

1.10 Watter lesse behoort uitgewers uit paragraaf 12 te leer? (4)

1.11 Sou jy van ’n boek hou waar tegnologie en die gedrukte media geïntegreer word? Lewer kommentaar deur paragraaf 15 te beoordeel. (2)

1.12 Stem jy saam met die siening dat lesers nie meer net ’n passiewe ontvanger van stories wil wees nie? Gee redes vir jou antwoord. (2)

1.13 Hoe verskil die Radloff-susters se boek van ander romans? Gee TWEE verskille. (2)

EN

TEKS 2: PRENT

[Aangepas uit: *Rapport,* 6 April 2013]

1.14 Wat suggereer die vrou se houding oor haar afspraak met die man? (1)

1.15 Hoe sluit die spotprent by die leesstuk, "Lees jy: P of E?" aan? (1)

1.16 Waarom kan die slotparagraaf van Teks 1 as 'n opsomming van dié spotprent beskou word? (2)

1.17 Verduidelik met watter een van die twee karakters in die spotprent jy jou vereenselwig. (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

- Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van SEWE **maniere waarop wetenskaplikes verbruikers manipuleer om aartappelskyfies te eet.**
- Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
- Dui die getal woorde wat jy vir die opsomming gebruik het, aan.

AARTAPPELSKYFIES IS VERSLAWEND

Sout, vet en suiker – hierdie drie, maar die lekkerste hiervan is die suiker. Vet is in sekere opsigte selfs kragtiger: dit flous jou brein om te dink dis nie so erg nie. Sout, daarenteen, is nie 'n aangebore smaak nie, want ons ontwikkel eers op sowat ses maande 'n smaak daarvoor.

Een van Frito-Lay's se voormalige wetenskaplikes het vir my die gunstelingmetodes verduidelik om dié bestanddele in skyfies te manipuleer.

Volgens hierdie wetenskaplike beywer vervaardigers hulle om aartappelskyfies onweerstaanbaar te maak deur die ongesonde bestanddele op 'n subtiele manier te verdoesel. Dit begin met die lagie sout wat die tong eerste tref, maar daar is nog baie meer. Hulle maal die sout tot 'n fyn poeier sodat dit die smaakknoppies vinniger en beter tref en sodoende die geurontploffing verbeter.

Skyfies word ook gelaai met vet wat sorg vir daardie "mondgevoel" wanneer ons dit kou. Voedselwetenskaplikes weet vet in die mond is 'n wonderlike gevoel en die brein beloon jou onmiddellik met gevoelens van plesier! Wetenskaplikes peuter aan die verspreiding en vorm van vetdeeltjies om die tempo waarteen dit geabsorbeer word te beïnvloed sodat die sogenaamde mondgevoel gestimuleer word.

Skyfies se suikerinhoud is dieselfde soort suiker wat die liggaam uit die stysel in aartappels verkry. Stysel – 'n koolhidraat – is eintlik saamgestel uit glukose. Hierdie stysel laat die glukosevlak in die bloed styg en onlangse studies wys dat skielike stygings in glukosevlakke veroorsaak dat mense na meer smag. Boonop word die moderne mens tydig en ontydig gebombardeer met inligting dat koolhidraatinname sinoniem is met energie wat veroorsaak dat mense baie maklik na aartappelskyfies vir 'n energie-inspuiting gryp.

Buitendien: dis bekostigbaarder as vleis!

Die verpakking is ook interessant. Adverteerders gebruik elke sielkundige truuk (soos helderkleurige diere) om enige logiese argument, wat ons sou kon hê om liewer verby te hou, te weerlê. Die porsiegrootte op die pakkie, gewoonlik 28 gram, is totaal irrelevant ten opsigte van die hoeveelheid skyfies wat 'n persoon gewoonlik verorber – die meeste mense eet sommer 'n groot pak lag-lag op!

Om dit alles te weet, bemagtig ons. Die kosmense het dalk sout, vet, suiker en die adverteerders aan hulle kant, maar ons besluit wat ons koop en eet!

[Aangepas uit: *my tyd*, 21 April 2013]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

1

Bel nou vir versekering waarop jy **verlief kan raak!**

2 **Ons is lief vir Afrikaans en dit wys!**

3 As dit kom by ons taal, het Virseker die skoot hoog deur. Dis dié dat ons diens 100% Afrikaans is – ons **blitsige kwotasies, maklike eise en kwaliteit produkte** word alles in Afrikaans gebied. En omdat ons glo in gemoedsrus en waarde vir geld bied ons ook allerlei ekstras, soos gratis 24 uur per dag:

4 **• Huisbystand • Mediese bystand • Padbystand • Regsbystand • Traumabystand**

5 Boonop skenk ons ’n gedeelte van alle premies aan die Virseker Trust vir die opleiding van Afrikaanssprekendes en die voortbestaan van Afrikaans.

6 **Kontak ons vandag nog vir ’n uitstekende, persoonlike diens:**

7 Skakel 0860 00 77 46,
besoek www.virseker.co.za
of teks* “Virseker” na 43934
en ons sal jou terugskakel.

virseker

* Standaardtekstariewe geld

Jou versekering, jou mense, jou taal

[Aangepas uit: *rooi rose*, April 2013]

3.1 Lees en kyk weer na paragraaf 1.

3.1.1 Skryf EEN rede neer waarom die lettertipe en -grootte van die reëls verskil. (1)

3.1.2 Skryf die hoofsin van die sin neer. (1)

3.1.3 Waarom is die uitroepteken in hierdie sin noodsaaklik? (1)

3.2 Wat is die bydrae van die foto in hierdie advertensie? (1)

3.3 Haal uit paragraaf 3 die frase aan wat die woorde “verlief kan raak” in paragraaf 1 die beste ondersteun. (1)

3.4 Dink jy die gebruik van die byvoeglike naamwoorde “blitsige” en “maklike” in paragraaf 3 is in hierdie konteks funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

3.5 Hoekom fokus paragraaf 3 op Afrikaans, en nie op Virseker, die verseke-ringsmaatskappy wat geadverteer word, nie? (1)

3.6 Waarom verskil die spelling van “Mediese bystand” van die ander woorde in paragraaf 4 se spelling? (1)

3.7 Skryf die neologisme in paragraaf 7 in woorde. (1)

3.8 Waarin, na jou mening, lê die geslaagdheid van hierdie advertensie? (1)
[10]

EN

VRAAG 4: VISUELE TEKSTE

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS 1: STROKIE



[Uit: *Landbouweekblad*, Maart 2012]

4.1 Skryf die infinitief wat in raampie 2 gebruik is, neer. (1)

4.2 Skryf Werfbobbejaan se eerste sin in raampie 2 in die lydende vorm. (1)

4.3 Watter klankverskynsel kan voorkom by die uitspraak van "niggietjie" in raampie 2? (1)

4.4 Gebruik die basis "suiker" (raampie 3) om 'n samestellende afleiding te vorm. (1)

4.5 Hoewel "daai" nie Standaardafrikaans is nie, word die woord in raampie 4 gebruik. Waarom is dit in hierdie teks aanvaarbaar? (1)

4.6 Met watter implisiete doel gebruik Werfbobbejaan die woorde “arme” en “ou” in raampie 4? (1)

4.7 Gebruik die oortreffende trap van “skraps” in ’n verduidelikende sin. (1)

EN

TEKS 2: SPOTPRENT



*__Konsepwet__, kommentaar ingewag oor die vervoer van diere ... __nuwe regulasies beoog__

[Uit: *Landbouweekblad*, Mei 2012]

4.8 Waarom is die vooroordeel van die diere in hierdie spotprent geregverdig, al dan nie? (1)

4.9 Watter konnotasie heg die perd aan “perd van ’n ander kleur” in praatborrel 2? (1)

4.10 Beoordeel die taalgebruik in praatborrels 3 en 7 en spreek jou uit oor die gepastheid van die vetgedrukte woorde. (1)
[10]

EN

VRAAG 5: ARTIKEL

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKANERS HELP VERKLEURMANNETJIE SE (WAARVANDAAN HULLE OORSPRONKLIK KOM) BEPAAL

1 Afrika is glo nie net die wieg van die mensdom nie, maar dis ook dié van verkleurmannetjies. Wetenskaplikes het tot onlangs bespiegel of verkleurmannetjies van Afrika na Madagaskar, of andersom, versprei het. 'n Onlangse studie het onteenseglik bewys dat verkleurmannetjies wel in Afrika ontstaan en van hier versprei het.

2 Dr. Christelle du Toit, hoof van die molekulêre ekologieprogram aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Botaniese Instituut in Kirstenbosch, sê sy sou nie haar navorsing sonder die gewaardeerde hulp van plaaslike gemeenskappe in die Kaap kon afhandel nie.

3 "Ek moes gereeld die berge aandurf om verkleurmannetjies tussen die fynbos en in die woude te gaan soek. Al die boere op wie se plase ek navorsing gedoen het, het my met toewyding gehelp."

4 Die verkleurmannetjiefamilie het glo 90 miljoen jaar gelede ontstaan. Du Toit en haar kollegas het, (5.7 ondanks/danksy/desondanks/nogtans) moderne, biografiese metodes, die evolusionêre ontwikkeling en geskiedenis van 174 verskillende verkleurmannetjies nagevors. Met behulp van genetiese ontleding is dit nou 'n bewese feit dat Chamaeleonidae wel in Afrika ontstaan het.

5 Sowat 30% van alle spesies van hierdie prehistoriese inwoners in Afrika word tans bedreig.

6 Dat dit die situasie is, is prysenswaardig – en 'n aanklag teen Afrika en al sy mense!

[Aangepas uit: *Landbouweekblad*, 13 September 2013]

5.1 Vervang die woorde wat in die opskrif tussen hakies staan, met 'n gepaste afleiding. (1)

5.2 Sonder om die betekenis te verander, verkort die onderstreepte sin in paragraaf 1 tot 'n enkelvoudige sin. (1)

5.3 Soos verkleurmannetjies na Madagaskar versprei het, verhuis baie Suid-Afrikaners om hulle permanent oorsee te vestig. Kies die korrekte werkwoord:

Suid-Afrikaners (immigreer/emigreer) na Australië, Amerika en Engeland. (1)

5.4 Dr. Du Toit bestudeer, onder andere, die **omgewing**. Watter woord/-deel in paragraaf 2 dui op "omgewing"? (1)

5.5 Skryf dr. Du Toit se eerste sin in paragraaf 3 in die toekomende tyd. (1)

5.6 Dink jy die bywoord van modaliteit wat in die eerste sin van paragraaf 4 gebruik is, is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

5.7 Skryf die korrekte voegwoord wat in paragraaf 4 pas, neer. (1)

5.8 Gebruik die homofoon van die onderstreepte “feit” (in paragraaf 4) in ’n verduidelikende sin. (1)

5.9 Benoem die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 6. (1)

5.10 Lewer kritiese kommentaar op die korrektheid van die slotsin van die teks. (1)
[10]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou